

4 Augustus - MURE

Skrifgedeelte: Josua 6:15-27
Fokusgedeelte: Josua 6:17-21

Vir ons Westerse lesers kom baie gebeure in die Ou Testament uitermatig wreed en vreemd voor. So ook vir Christene. Soos in die geval van Jerigo: in opdrag van die Here, het Josua en sy manskappe "... die stad ingeneem en al wat daarin is, uitgedelg, man en vrou, jonk en oud, selfs die beeste, die skape en die donkies" (Jos 6:20, 21).

Stadsmure was in die antieke tyd 'n doeltreffende verdedigingsmiddel. Dit was nie maklik om dit met stormramme te breek nie. Boonop het inwoners die vyand van ver af sien aankom en bo-op die mure met pyl en boog, spiese en groot klippe ingewag.

Jerigo se gedugte mure was die eerste toets vir Jahweh (die HERE, Verbondsgod) se verbondsvolk ná hulle wondertog deur die Jordaanrivier. Israel moes die beloofde land Kanaän nou in besit begin neem. Die daaglikse optog rondom die stad en sewe keer op die sewende dag was hulle geloofstoets.

Die eer van Jahweh was hier in heidenland op die spel. Daarom laat Hy die mure om Jerigo val!

Die stad Jerigo met alles daarin was 'n banoffer (vs 17). Dit was in die Ou Testament enigiets wat vernietig moes word om dit sodoende aan die HERE te wy.

In die Nuwe Testament (verbond) maak Jahweh sy eniggebore Seun, Jesus van Nasaret, tot banvloek. Aan 'n vloekhout word Hy vernietig, aan God gewy ter wille van sondaars.

Nou hoef mense en diere nooit weer as banoffer te sterf nie! Ook nie u wat hier lees nie, mits u al u hulp en heil van Jesus Christus alleen verwag.

Sing: Psalm 46:1 (1936-beryming)

Ds J Botha (Laeveld)